



**Nr. 51**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

## *Die Heilsweg*

So word die weg gewoonlik genoem waarlangs God die Heilige Gees, die mens in besit stel van die weldade wat Christus vir hom verwerf het.

Ds. C. J. Malan van Roodepoort laat in 'n sewetal artikels, wat in hierdie uitgawe verskyn, meer lig oor dié weg val en ook oor sekere terme wat in die verband gebruik word, en waarmee u in die verlede miskien probleme gehad het.

## *Hy Roep...!*

Ek glo nie, my vriend, dat dit vir jou moeilik sal wees om die begrip "roeping" te verstaan nie. As jy iemand roep, wil jy iets vir hom sê of van hom vra. M.a.w. deur iemand te roep, tree jy met hom in verbinding en openbaar jy jouself aan hom.

Op dieselfde wyse moet ons die roeping van God verstaan. God roep ons, sondaarmense. Dit maak nie saak waar ons, ons bevind nie: of ons nou rondploeter in die modderkuile van die sonde; of ons wegvlugtend is met die snelle vleuelslae van die arend . . . die roepstem van God dring deur tot elke hart om die verlossing te ontvang wat Christus vir ons verwerf het.

### **Roeping deur die Bybel**

Dit lyk asof jy my nie wil glo nie. Kom ek neem jou na die Woord van God, die Bybel. Want dit moet jy weet: **God roep ons op geen ander wyse as net deur Sy Woord nie.** Buite die **Bybel** om, **buite die kerk om, wat juis die opdrag het om** die Woord van God te verkondig, hoor **jy** geen roepstem nie. Nee, die roeping kom uitwendig deur die Woord van God **tot** ons, en as die Gees van God kragdadig deur die Woord werk, word dit 'n inwendige roeping wat niemand kan weerstaan nie.

In Jesaja 45:22 lees ons: "Wend julle tot My en laat julle red, alle eindes van die aarde. Want Ek is God, en daar is geen ander nie".

In Mattheus 9:13 verklaar Jesus duidelik: "Want Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering."

### **Die roeping is opreg**

So roep God dus vir my en jou as redelike en verantwoordelike skepsele. God roep jou tot die heil in Jesus Christus — **en hierdie roeping is opreg.** Ek kan dit nie mooier stel as wat die Sinode van die Gereformeerde Kerke, wat gehou is in Dordrecht, 1618-19, dit in die Dordtse Leerreëls gestel het nie:

"Maar almal wat deur die Evangelie geroep word, word in alle erns geroep. Want God gee ons in alle erns en waaragtiglik in Sy Woord te kenne wat Hom welgevallig is; naamlik dat diegene wat geroep is, tot Hom moet kom. Hy beloof ook in alle erns aan almal wat tot Hom kom en glo, die rus vir hulle siele en die ewige lewe."

## **Wat doen jy met die roeping?**

My vriend, God roep jou.

“Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is, roep Hom aan terwyl Hy naby is” (Jes. 55:6).  
As jy dit nie doen nie bring jy die toorn van God oor jou . . . en jyself is die oorsaak daarvan.  
Want "dat baie wat deur die bediening van die Evangelie geroep is, nie kom en nie bekeer word nie, daarvan lê die skuld nie in die Evangelie of in Christus wat deur die Evangelie aangebied is nie, ook nie in God wat deur die Evangelie roep en selfs ook aan hulle wat Hy roep, verskillende gawes medeel nie, **maar in die geroepenes self...**"  
(Dordtse Leerreëls 3.9).

## ***Opnuut Gebore ...***

Voor jy die leerstuk van die wedergeboorte gaan lees, wil ek jou waarsku dat hierdie leerstuk ootmoed van jou gaan eis. As jy in hoogmoed op jou eie voetstuk gaan staan en meen dat jy, o mens, so wonderlik is... sal jy die wedergeboorte nie verstaan nie. As jy met jou mensekennis soos Nikodemus vir die Here wil sê: "Ons weet...", antwoord Jesus vir jou:

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie" (Joh. 3:2, 3).

Wedergeboorte beteken presies wat die woord aandui: dat jy weer gebore moet word.

## Wedergeboorte uit die dood

As jy Genesis 3 lees sal die wedergeboorte vir jou duideliker word. Daar word van die sondeval van Adam en Eva in die Paradys vertel. 'n Verskriklike daad, vriend, 'n daad van ongehoorsaamheid aan die Woord van God... en daarom 'n daad wat die dood verdien.

Adam en Eva het die dood gesterwe: die geestelike dood, toe die band tussen hulle en God deurbreek is; die **liggaamlike dood** toe hulle liggame aan die graf toevertrou is; en eendag sterf die sondaar die **ewige dood** in die hel ...

En moet tog nie dink dat jy niks met die sondeval van Adam en Eva te doen het nie. Adam en Eva was die wortel van die menslike geslagsboom — en jy en ek is die vrugte aan daardie boom.

Nee, ons is dood in die sonde. Ons lê in die graf waarvan die opskrif lui: gevallene! En net so min as wat 'n dooie mens uit homself uit die graf kan opstaan, net so min kan jy en ek ons voete op die weg na die ewige saligheid plaas.

## Wedergeboorte tot die lewe

Nee, God moet ons opwek uit die graf, ons opnuut weer gebore laat word.

God moet, deur Sy Heilige Gees, ons verstand verlig sodat ons die dinge van die Gees van God kan onderskei; ons geslote harte open; ons dooie wil lewendig maak; ons op die weg van die saligheid plaas.

Dit is die wedergeboorte. Dit is, om die woorde van die Dordtse Leerreëls weer te gebruik "'n algehele, bonatuurlike, baie kragtige en tegelyk 'n baie soete, wonderbare, verborge en onuitspreeklike werking wat in sy krag nie minder of geringer is as die skepping of die opwekking van die dode nie; sodat hulle almal in wie se harte God op hierdie wonderbaarlike wyse werk, sekerlik, onfeilbaar en kragdadiglik wedergebore word en daadwerklik glo." (3.12)

Uit wat ons tot dusver behandel het, vriend, is dit vir jou seker duidelik dat, net so min as wat jy tot jou eie geboorte iets bygedra het, net so min kan jy tot jou eie wedergeboorte iets bydra.

En as jou beswaar is dat God in die wedergeboorte die mens dwing, wil ons net die teendeel beweer: die wedergeboorte bevry ons juis. Daarom, net so min as wat 'n drenkeling kan kla omdat jy hom nie geraadpleeg het toe jy hom van 'n gewisse waterdood gered het nie, net so min kan die mens kla wanneer God hom deur Sy genade uit die verderf ruk en sy voete op die weg van die saligheid plaas.

Ek sou meen dat 'n mens God nooit genoeg dankbaar kan wees nie ...

### MY HART IS NIE HOOGMOEDIG

My hart is nie hoogmoedig, Heer!  
My oog nie trots nie; ek verkeer,  
Ek wandel nie in wat te groot,  
te diep is vir u gunsgenoot.  
Voorwaar my siel is in my stil,  
weer één met God se heil'ge wil.  
Net soos 'n kind, tevrede by  
sy moeder, is my siel in my.

Ps. 131

## *Die Geloof . . . en die Saligheid*

Jy het seker al dikwels gehoor dat iemand sê: "Elke mens word op sy eie geloof salig". Ek weet nie wat jy daarvan dink nie — miskien is dit ook jou gedagte — maar ek sê vir jou dat daar geen groter onsin bestaan as dit nie.

Enige geloof is nie sommer maar net die regte geloof vir die hemel nie.

Ons kry die **historiese geloof** wat 'n geloof van die verstand is. Iemand wat so 'n geloof besit, glo met sy verstand aan die Woord van God en hy sidder, maar hy voel nooit dat hy aangespreek word deur God nie en voel nooit in sy hart aangetrokke tot God nie. Sodanige geloof besit die duiwels ook (Jak. 2:19).

Ons kry verder die **tydgeloof**. Die tydgelowige hoor die Woord van God en ontvang dit met blydskap; hy verheug hom daarin — maar dis net vir 'n tyd (Matt. 13:20, 21).

Dan kry ons die **wondergeloof**, 'n geloof in die wonders van God. Sodanige geloof kry ons dikwels op die siekbed. Die persoon glo dat God hom sal genees, maar as hy gesond geword het, keer hy weer na die ou dwaalweë terug.

Niemand wat sodanige geloof besit, kan die weg van die saligheid betree nie, **want dis geen saligmakende geloof nie**.

### **Die Saligmakende geloof**

Maar wat is die saligmakende geloof dan?

Sondag 7 van die Heidelbergse Kategismus beskryf dit soos volg:

"'n Ware geloof is nie alleen 'n gewisse kennis waardeur ek alles vir waaragtig hou wat God aan ons in Sy Woord geopenbaar het nie, maar ook 'n vaste vertrouwe wat die Heilige Gees deur die Evangelie in my hart werk dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk is uit loutere genade, alleen ter wille van die verdienste van Christus."

Ek sou graag wou hê, my vriend, dat jy hierdie definisie van die saligmakende geloof oor en oor sal lees. Mooier kan ek dit nie stel nie. Die geloof bestaan uit **kennis** van die Woord van God, want net so min as wat jy die ligstrale kan losmaak van die son, net so min mag jy die geloof losmaak van die Bybel.

Maar aan die ander kant: as ons van kennis praat, bedoel ons nie 'n teoretiese kennis van Gods Woord nie, maar 'n praktiese, 'n kennis wat gedra word deur die **vertrouwe van die hart**, 'n kennis waarby my hele wese betrokke en waarmee my saligheid gemoeid is.

Die Heilige Gees werk hierdie geloof deur die Woord van God ... en daarom kan ons nooit genoeg die noodsaaklikheid beklemtoon om **die Bybel te ondersoek en om gereeld kerk toe te gaan nie**.

Ons roep jou... met die aandrang van ons siel:

Lees die Bybel en ondersoek dit as jou kosbaarste skat!

Besoek die kerk gereeld!

Bid tot God dat die glans van die saligmakende geloof ook in jou lewe helder mag brand!

Bekering, net soos geloof, bloei uit die wedergeboorte op. Die nuwe lewe wat deur die Heilige Gees in die wedergeboorte ingeplant is, ontwikkel nou, onder invloed van die Woord van God, na die kant van die verstand tot geloof, na die kant van die wil tot bekering.

Bekering is dus die **deurbraak van die nuwe lewe in die wil van die mens**.

Bekering is die werk van die mens deur die genade van God. Dit is 'n bewuste, gewilde lewenskeuse en lewensdaad van die wedergebore mens. Van die ongeveer 140 keer dat hierdie woord in die Bybel voorkom, wys dit slegs 6 keer op die daad van Gods Gees, terwyl dit al die ander kere op die wilsdaad van die mens wys.

Die Dordtse Leerreëls stel dit ook duidelik:

"En dan word die wil wat nou vernuwe is, nie alleen deur God gedrywe en beweeg nie, maar omdat dit deur God beweeg word, werk dit ook self. Daarom word ook tereg gesê dat die mens glo en hom bekeer deur die genade wat hy ontvang het." (3.12)

### **Wese van die bekering**

Ek wil die wese van die bekering prakties illustreer aan die hand van die geskiedenis van Manasse, soos vertel in 2 Kronieke 33.

As Manasse met koperkettings geboei, in die gevangenis sug, kom hy tot **inkeer**: "Hy sien die diepe ellende waarin sy sonde hom gestort het. Maar dis nie al nie, hy kom tot **omkeer** want hy het berou omdat hy God deur sy sondes vertoorn het. En as God sy gebed in sy benoudheid verhoor en hom na Jerusalem in sy koningskap terugbring, kom Manasse tot daadwerklike **terugkeer** en bewandel nou die teenoorgestelde weg as wat hy eers in sy sondetoestand bewandel het.

Dit is bekering.

Ons kan dit ook beskryf as die **afsterwing** van die ou mens van sonde en die **opstanding** van die nuwe mens in Jesus Christus ...

### **Verkeerde beskouings**

Ek moet jou egter waarsku teen verkeerde beskouings:

Eerstens moet jy nie dink dat Manasse, na sy bekering, heilig was nie. Sommige sektes het die gedagte dat, as 'n mens jou bekeer, jy nie meer sonde kan doen nie.

Ag, my vriend, was dit maar so, maar ongelukkig is dit nie so maklik nie. Al trek die sonde

sy kop dikwels soos 'n skilpad terug — op die onmoontlikste tye steek hy dit weer uit.

So was dit met Manasse ook die geval. Op sy nuwe, bekeerde lewensweg was daar baie afdraaipaaie na die sonde wat hom gelok het. En daarom, al **was** hy eenkeer in die gevangenis bekeer, moes Manasse hom **voortdurend** nog steeds bekeer.

Ons onderskei dus tussen 'n **prinsipiële bekering** (Manasse in die gevangenis) wat maar eenmaal in 'n mens se lewe plaasvind en 'n **voortdurende** bekering wat gedurig moet plaasvind tot by die dood. Tweedens, moet jy nie dink dat elke bekering plotseling en met skokke geskied, soos met Manasse die geval was nie. Daar is 'n groot verskil in die omstandighede waaronder en die tyd en wyse waarop die bekering plaasvind. Die Bybel weet ook van 'n man soos Samuel en Jeremia wat van hulle jeug af in die Skrif onderwys is en in die vrees van God gewandel het, en dus nouliks die tyd van hulle bekering kon aandui.

Derdens wil ek jou waarsku teen 'n **skynbekering**. Jy kry mense wat goed lewe, hulle kinders die beste opvoeding gee, 'n beskaafde lewe lei, wat ook praat van bekering — maar hulle ken geen ootmoed en gebrokenheid van hart oor hulle sondes nie.

Daarom, vriend, bly die roepstem tot **almal...** dus ook tot **jou**:

"Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom..." (Hand. 3:19).

## *Geregverdig ...*

By die bespreking van die weldaad van **die** regverdigmaking, moet jy nie nadruk lê op die "making", asof regverdigmaking sou beteken om reg te maak wat krom is nie. Dit kry ons eers in die heiligmaking.

Nee, ons moet regverdigmaking opneem in die sin daarvan om **regverdig te verklaar**. Ons kan die regverdigmaking so definieer as **die regterlike daad van God waarin Hy ons van die skuld en straf van die sonde vryspreek en vir ons die ewige lewe gee, op grond van die geregtigheid van Christus wat deur die geloof ons eiendom geword het.**

### **In die geregsaal**

Die regverdigmaking bring ons dus in die geregsaal.

Die **Regter** is God wat die mens na Sy beeld in volkome geregtigheid geskape het, en wat daarom eis dat die mens aan sy reg moet voldoen.

Die **aangeklaagde** is die sondaarmens wat nie geluister het na die stem van God nie, en daarom onregverdig voor God geword het.

Die **aanklaer** is die duiwel en die mens se eie gewete wat voor die Regter getuig dat die mens skuldig is.

Die **wetboek** is die Wet van die Here, waarvan geskrywe staan: "Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie." (Gal. 3 : 10).

Die **Advokaat** is die Here Jesus Christus wat aan die kruishout vir ons sondes gesterf het.

En dan die regsgeeding!

Satan tree na vore en beskuldig die mens dat hy die gebooie van God oortree, dat hy tot alle boosheid geneig is en dat hy dus aan die ewige dood skuldig is.

En die mens, jy en ek ... Ja, ons gewete getuig saam met die duiwel... en die verskriklike is dat ons juis niks het waarop ons voor die Regter kan roem nie. Niks! Nie 'n enkele goeie werk of karaktertrek of gesindheid nie ... ons moet die vonnis ondergaan.

Maar dan gebeur daar iets so heerliks dat ons nooit daarvoor uitgepraat kan raak nie:

### **Ons Advokaat**

Christus, die Advokaat, tree na vore — nie om goed te praat wat krom is nie, maar om goed te **maak**. Christus sê ook nie dat die satan lieg nie, maar Hy wys die Regter daarop dat Hy, Jesus Christus, vir die aangeklaagdes, sy gelowiges, gesterf en die wet vir hulle vervul het. Hoor, Hy pleit dat die Vader die beskuldigdes moet vryspreek op grond van sy verdienste ... En wat doen die Regter? Sonder enige verdienste aan ons kant, uit louter genade, word die volkome voldoening, geregtigheid en heiligheid van Christus aan die sondaar geskenk en toegereken, asof hy nooit enige sonde gehad of gedoen het nie. (Vraag 60, Heidelbergse



Kategismus).

Maar nou my vriend, die vraag: Die geregtigheid wat Christus vir sy volk verwerf het, is dit ook jou persoonlike eiendom? Want dit moet jy weet: God skenk ons die geregtigheid van Christus deur Sy Evangelie ... maar daardie skenking van God moet ons deur die **geloof** aanneem. En dié geloof werk die Heilige Gees deur die Woord van God wat in die kerk gepreek word.

Daarom het ek vrymoedigheid om jou te vra of jy nog die Woord van God lees? Besoek jy die kerk? Indien wel, sal hierdie weldaad van God jou nie net na aan die hart lê nie, maar sal jy dit ook as **jou** besit wil aanvaar.

## *Wees Heilig . . .*

Die heiligmaking is die voortgaande vernuwing van die hele mens wat reeds in die wedergeboorte en bekering sy beslag gekry het.

Die heiligmaking is 'n gawe en werk van God. Dit is die werk van die Heilige Gees waarin ons bekwaam gemaak word. In die heiligmaking is die mens dus **passief** wanneer hy deur die Gees meer en meer na die ewebeeld van Christus vernuut en bekwaam gemaak word om goeie vrugte voort te bring wat by die bekering pas.

Maar by die heiligmaking is die mens ook **aktief**. Onder Gods werking werk die mens ook self en, deur Gods Gees geheilig, heilig die mens hom ook self. Die mens word geroep en bekwaam gemaak om hom te heilig en sy hele lewe aan God te wy. Paulus roep die Korinthiërs toe: "En laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring." (2 Kor. 7:1).

### **Kussing om te slaap?**

My vriend, as jy jou die moeite getroos het om hierdie artikels tot hiertoe te lees, sal daar seker by jou een groot vraag wees: **As God op die heilsweg alles moet doen, kan die mens dan nog verantwoordelik gehou word?** Is hierdie leer nie 'n heerlike kussing waarop 'n mens kan inslaap en alles aan God oorlaat nie?

Nee, vriend, so maklik kom jy nie daarmee verby nie. Die Skrif leer ons duidelik dat dit God is "wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehag" (Filippense 2:13) maar leer ook net so duidelik: "werk julle eie heil uit met vrees en bewing". (Filippense 2:12).

Ek wil jou vra om nie jou swakke menslike verstand te probeer breek om hierdie twee gedagtes n.l. God se werksaamheid en die mens se verantwoordelikheid te verstaan nie. **God het nie die verband tussen hierdie twee stukke aan ons geopenbaar nie.**

### **Katrol oor afgrond**

Hierdie leerstukke is soos 'n katrol met 'n tou wat oor 'n afgrond hang. Gryp jy net die een kant van die tou n.l. God se werk, vas, stort jy in die diepte. Gryp jy net die ander kant vas n.l. die mens se verantwoordelikheid, stort jy ook in die diepte. Maar gryp jy altwee kante van die tou vas, naamlik God se werksaamheid sowel as die mens se verantwoordelikheid . . . dan bly jy behoue.

Wat **jou** betref: God roep jou tot geloof, bekering, heiligmaking . .

### **Ons goeie werke**

Die heiligmaking openbaar hom **na** twee kante: enersyds vlug die mens vir die sonde en andersyds doen die mens goeie werke.

Wat die goeie werke betref moet 'n gelowige, wat leef uit 'n ware geloof, goeie werke doen. Hierdie goeie werke wil God beloon (Matt 5:12), maar vanselfsprekend kan dit nie 'n beloning uit verdienste wees nie — al ons geregtighede, sê Jesaja, is soos 'n besoedelde kleeft (Jes. 64:6) — maar 'n **beloning uit genade**.

Jy vra waarin hierdie loon bestaan?

Die loon van die gelowige **op aarde** is dat die beeld van Christus meer en meer in sy lewe ontplooi, sodat hy saam met Paulus kan uitroep: "Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my". (Gal. 2:20)

Die loon van die gelowige **in die hemel** is in wese dieselfde: Christus se beeld word in sy getroue diensknegte ryklik ontplooi. Sy barmhartigheid en liefde en blydschap en heerlikheid skitter besonderlik in hulle uit. Christus is die loon van die gelowige.

Daarom moet 'n gelowige goeie werke doen: nie om in die hemel te kom as verdienste op sy goeie werke nie, maar omdat hy uit genade deur Jesus Christus gered is, doen hy **uit dankbaarheid** goeie werke en ontvang **uit genade** loon van God.

Vriend, is jy oorvloedig in goeie werke?

## *Vir die dowwe lamppit en die geknakte riet*

Diegene wat die lewende geloof in Christus of die vaste vertrouwe van die hart, die vrede van die gewete, die betragting van kinderlike gehoorsaamheid en die roem in God deur Christus in hulle nog nie kragtiglik ervaar nie, en nogtans die middele gebruik waardeur God belooft het om dit alles in ons te werk, hulle moet nie mismoedig word wanneer hulle van die verwerping hoor nie, of ook hulle onder die verworpenes reken nie. Hulle moet vlytig voortgaan om die middele te gebruik, vurig verlang na die tyd van oorvloediger genade en dit met eerbied en ootmoed verwag, aangesien die barmhartige God belooft het dat Hy die dowwe lamppit nie sal uitblus en die geknakte riet nie sal verbreek nie.

(Dordtse Leerreëls I. 16 — agter in die Psalmboek)

## Tot die einde toe ...

As 'n mens jou eindbestemming wil bereik moet jy volhard.

As daar van jou volharding in die alledaagse lewe vereis word, kan jy besef watter mate van volharding nodig is om die moeilike weg na die ewige lewe te bewandel. Hierdie weg word deurkruis met 'n netwerk van paaie wat almal verderf toe lei . . . en die vraag is nou of jy op die moeilike weg van die saligheid gaan voortwandel. Soos ek my eie hart ken, sal ek met die eerste, die beste pad na die verderf afdwaal, want dit is so 'n lekker pad . . .

As ek dus na my eie hart kyk is dit duidelik dat ek op daardie weg nie sal volhard nie, behalwe as **God my die genade tot die volharding skenk.**

### Gawe van God

Daarom is dit duidelik dat volharding geen daad van die mens is nie, maar dit is 'n gawe van God. God waak en sorg dat sy uitverkore kinders die geloof in Jesus Christus nie verloor nie. As hulle op die weg val, rig hy hulle op. As hulle op afdraaipaaie wegdwaal, soek Hy hulle met tere liefde en ontferming op.

God duld nie dat die satan mag oor die gelowige kry om hulle siele na die verderf mee te voer nie.

### Geen houtpoppe nie

Maar, aan die ander kant, behandel God ons nie asof ons houtpoppe is nie. Hy doen die werk van volharding **deur** ons. Al die vermanings en bedreigings wat die Bybel tot ons rig, is die weg waardeur die volharding in die lewe van die gelowige 'n werklikheid word. Die volharding is geen dwang nie, maar dit werk as gawe van God op 'n geestelike wyse op die mens in en laat die mens gewillig volhard in geloof en liefde.

### Ryke troos

Ek hoop jy verstaan die ryke troos wat hierdie leerstuk vir die gelowige bied, my vriend. Dit is nie 'n leerstuk wat, soos dikwels gesê word, aanleiding gee tot oppervlakkigheid en valse gerustheid, geestelike hoogmoed en ydelheid nie. Inteendeel, dit is 'n leerstuk wat “die ware wortel is van nederigheid, kinderlike vrees, ware Godsaligheid, lydsaamheid in alle stryd, vurige gebede, standvastigheid onder die kruis en in die belydenis van die waarheid en van 'n bestendige blydschap in God.”

(Dordtse Leerreëls)

## *Ek het die kerk nie nodig nie . . .*

Vriend, jy meen dat jy die kerk nie nodig het nie?

Waarom sê jy so? Is dit omdat jy teleurgesteld is in die preke van die predikant, in die ontakvolle huisbesoek van die ouderling, in die liefdeloosheid van die lidmate? Of sê jy dit uit naakte ongeloof of brutale kwaadwilligheid?

Laat ek maar dadelik vir jou sê dat die kerk sekerlik gekritiseer kan word. Kerkmense is nie sondelose mense nie. Onse Here Jesus Christus kritiseer self Sy kerk hier op aarde. Lees maar sy briewe aan die sewe gemeentes van Klein-Asië (Openbaring 2 en 3).

Ek wil jou egter een groot guns vra, naamlik dat as jy die kerk kritiseer, jy altyd moet kritiseer vanuit die regte gesindheid, die gesindheid van liefde wat bereid is om te vergewe. Dan sal jy nooit weer sê: Ek het die kerk nie nodig nie.

Ek wil die teendeel beweer en dit is dat jy die kerk oneindig nodig het. En ek wil hierdie bewering met die volgende bewyse staaf:

Die kerk is nie 'n vereniging wat deur mense gestig is nie maar is van **Goddelike oorsprong**. Dit is 'n instelling van Christus, die Seun van God. Die apostel Paulus noem die kerk die "liggaam van Christus" (Efese 1:22, 23). As jy nog twyfel, lees Mattheus 4:19-22 waar Jesus apostels aangestel het. Lees ook Mattheus 28:19 waar Jesus hulle opdrag gee om te preek en te doop, asook Lukas 22:19 waar hulle opdrag kry om die Nagmaal te bedien. Net soos wat enige organisasie, as hy wil bestaan, georganiseer moet wees, net so wil Jesus Christus dat Sy volgelinge in 'n kerk georganiseer moet wees. Jesus Christus vergader, beskerm en onderhou Sy kerk.

Maar nog meer: **die Here verwag van jou om by die kerk aan te sluit en die dienste getrou by te woon**. In Hebreërs 10:25 vermaan die skrywer: "en laat ons, ons onderlinge byeenkomste nie versuim soos sommige die gewoonte het nie ..." Hierdie onderlinge byeenkomste is bepaalde gemeentelike samekomste, kerkdienste.

En **nou** weet ek wat jy wil vra, my vriend. Jy wil vra of jy nie maar by die huis kan bly om daar jou godsdienst te beoefen nie. Hierop wil ek baie duidelik antwoord. Nee!

Waarom nie?

Omdat die geloof uit die gehoor is en die gehoor deur die Woord van God is (Romeine 10 : 17). Jesus het Sy Woord aan die kerk gegee. En al is die predikante swak, sondige mense net soos ek en jy, en al kan daar menslikerwys veel kritiek op die preke uitgespreek word ... onthou dat die Gees van God juis daardie swakke woord gebruik om die geloof in ons harte te plant en te versterk. Deur die prediking van Paulus het Lidia tot bekering gekom (Hand. 8 : 26—39), die hoofman Cornelius (Hand. 10).

Moet nooit vergeet dat die kerk 'n leë mag in diens van Jesus Christus is nie.

En net so min as wat 'n aanvoerder sy bevel uitreik aan manskappe wat nie by die leer wil aansluit nie, net so min wil God die diepte van Sy Woord openbaar aan mense wat nie kerk

toe wil kom nie.

Wat meer is: as jy nie kerk toe kom nie verbeur jy die Nagmaalsviering waardeur jou swakke geloof nog verder versterk word; verbeur jy die openbare gebed waar ook vir jou gebed en ook jou nood en behoeftes voor die aangesig van God gebring word; verbeur jy die geleentheid om aan die armes van Christus, liefdesgawes te gee.

Nee, my vriend, jy het die kerk nodig. Die kerk is die moeder van die gelowiges (Gal. 4 : 26), 'n moeder wat haar kinders deur Woord en Sakramente opvoed, 'n moeder wat met tere liefde ook vir jou wil versorg.

Moet jy dan nie op jou beurt ook jou moeder liefhê nie?

C. J. Malan.

## VERHARDING

Teenoor die volharding staan die **verharding** waarvan Farao vir ons 'n waarskuwende voorbeeld is. In die verharding sluit die mens sy hart toe vir al die vermanings en roepstemme van God, gee hy bewustelik toe aan al die verleidinge van satan, die wêreld en eie vlees en gaan hy willens en wetens die weg van die sonde, sonder om na die stem van sy gewete te luister.

My vriend, by monde van die skrywer van die Hebreërbrief (4:7) roep ek jou toe:

Moenie jou hart teenoor die Here verhard nie . . . ondersoek die Woord van die Here . . . besoek **die kerk en luister** na die prediking van God se Woord . . . val op jou knieë en bid God dat Hy **jou** verharde hart mag verbreek . .

Want, en daarvan kan jy seker wees, my vriend, **God** is ook oor **jou met ontferming bewoë**.

### *Die dringende uitnodiging*

**o Almal wat dors het,  
kom na die waters;  
en wie geen geld het nie,  
kom, koop en eet;  
ja, kom,  
koop sonder geld  
en sonder prys,  
wyn en melk!  
Waarom weeg julle geld af  
vir wat geen brood is nie,  
en julle arbeid  
vir wat nie  
kan versadig nie?  
Luister aandagtig na My  
en eet die goeie,  
en laat julle siel  
hom in vettigheid  
verlustig.**

**(Jes. 55:1 en 2)**

## *Wanneer die amandelboom bloei . . .*

"Ag dominee, ek geniet die lewe terwyl ek nog jonk is, terwyl ek nog kan. Ken julle kerkmense dan nie die Engelse spreekwoord wat sê dat jy die wilde hawer moet saai terwyl jy nog kan nie?"

Dit was 'n goeie een. Nou het ek die predikant se mond gesnoer. Hy het nie 'n antwoord nie. Ek hoop hy gaan nou ophou met sy voortdurende gekla oor my lewe. Die ouderling is net so dikvellig, ek het hom al 'n paar keer beledig en so sleg gesê dat die see hom nie kan afwas nie, maar hy kom maar altyd weer sy neus in my sake steek.

Vermetelheid van die kerkmense. Wat traak dit hulle of ons elke aand 'n partytjie hou? Ons vra hulle mos nie 'n sent daarvoor nie. Is dit nou so verskriklik as ons elke Saterdagmiddag die Werda-orke se danse bywoon? Dit is al bietjie plesier wat ons het na 'n week se harde werk. Tot die kinders word nie met rus gelaat nie. Hulle kla gedurig omdat Johnnie Sondae met 'n paar nooientjies uitry see toe om te gaan ski. Wat moet die kinders doen, hulle is jonk en wie gaan hulle keer? Nie die dominee en sy ou klomp bemoeisieke ouderlinge nie. Ja-nee, ek sê mos altyd, ek geniet die lewe terwyl ek nog kan. Een van die dae is ek dood en wat het ek dan van die lewe gehad?

Dit is waar. Dit was 'n goeie een. Die predikant kon niks sê nie, hy kon maar net sy kop skud. Maar die Woord van die HERE swyg nooit. Die wyse Prediker sê in hoofstuk 11 vers 9: "Verbly jou o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid; en wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë: maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring."

Dit is maar al wat die predikant in die Naam van die HERE wou sê. Daar kom 'n oudag, daar kom 'n dag wanneer die kragte min sal word en ons kan dit nie keer nie. Ons is op pad daarheen, Pa en Ma wat nog so jonk en lewenslustig is, wat hulle jare nog so goed dra. (Baie mense het al gesê dit is net omdat hulle so 'n plesierige lewe lei.) Johnnie is oppad daarheen en kan dit nie keer nie. Mary-Anne moet ook weet daar kom 'n dag wanneer sy nie meer al haar geld wat sy verdien in mooi aandrokke sal wil steek nie of in skoonheidsmiddels om die uiterlike te verbeter nie. Daar kom 'n dag, vir elkeen van ons, wanneer ons nie meer sal belangstel in die dinge wat nou vir ons plesier verskaf en so belangrik is nie.

Dit is maar al wat die HERE wou sê: ". . . weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring."

Maande later, een Saterdagdag oor twaalf, lui die telefoon in die dominee se huis. Dit is Mary-Anne: Pa en Ma is in die hospitaal. 'n Motorongeluk. Pa is ernstig. Hulle was by 'n partytjie op 'n plaas. Gelukkig het sy en haar vriend met 'n ander motor gery. Hulle weet nie waar Johnnie is nie. Hy weet nog nie.

Die volgende oggend is die Vader van die gesin oorlede. Weke daarna is die moeder uit die hospitaal ontslaan. Sy het hoofbeserings opgedoen. Bloeding op die brein. Moontlik sal sy nooit weer kan loop nie. Tuis het ons haar besoek. En skielik was sy so oud en afgeleef. Die grys hare het plek-plek tussen die gitswart tintsels van die kleurstof verskyn. Skaars vyftig jaar oud en tog so oud. Die mense sê dat vir haar, die ouderdom nou werklik oornag gekom het. Vertrekte hande wat komieklik lyk met 'n sigaret tussen die vingers. Voete wat nooit

weer sal dans nie. In die hangkas hang 'n aandrok van goudstof, sy het dit nog maar een aand gedra. Nou is sy oud.

Ons lees 'n stukkjie saam uit die Bybel. Ons bid. Oor die wange vloei trane. Mary-Anne snik. Ma sê dat sy die dominee se woorde onthou van daardie aand.

Maar wat het sy nou oor? Die ouderdom het haar ingehaal. Die lewe is leeg en sinneloos. Of is daar vir haar nog hoop?

Sy het vir haarself niks opgebou vir die oudag nie, en sy kon dit nie afwend nie. Nou kan sy die lewe nie meer geniet nie.

Weer is die dominee sonder antwoord.

Maar die HERE troos: "Hy gee die vermoeide krag en vermenigvuldig sterkte vir die wat geen kragte het nie. Die jonges word moeg en mat, en die jongmanne struikel selfs: maar die wat op die Here wag kry nuwe krag: hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie." Jes. 40 : 29-31.

Ja daar is hoop, vir elkeen wat lewe en glo dat Jesus Christus vir hom gesterf het aan die kruis. Vir elkeen wat buig voor die troon van God. Vir hulle het die lewe sin en betekenis tot die laaste dag van die lewe. **Daarvoor het Jesus Christus gesterwe**, dat ons kan lewe tot in ewigheid.

**J. J. de Jager.**



# KOM TERUG MY KIND

*Daar is duisende mense in ons land wat van die kerk vervreemd is. Duisende ander behoort nog net in naam aan 'n kerk, maar het alle aktiewe belangstelling verloor. Daar is ook 'n aantal van ons mense wat nog nooit aan 'n kerk behoort het nie. Aan hulle almal word Quo Vadis? met liefde opgedra. Is u een van hulle? Dan is dit ons opregte bede dat u in hierdie eenvoudige blaadjie die stem van u moeder sal hoor — u moeder wat in die Naam van Jesus Christus roep na haar verlore seuns en dogters. U moeder wat snags wakker lê van hartseer en bekommernis oor haar kinders wat haar nie meer liefhet nie. U moeder wat met baie pyn moes bemerk hoe u die rug op haar gedraai het.*

*As God u Vader is, is die kerk u moeder.*

*Sy verlang na u in u vreemdelingskap.*

*Sy bid nog altyd vir u in u nood.*

*Sy roep u toe in u eensaamheid .... kom terug, my kind.*

*Ek het jou nog altyd lief.*

*O, kom dan tog terug.*

*Het u die roepstem verstaan?*

*Miskien het u, bewustelik of onbewustelik, lankal daarop gewag?*

*Wel, dan het die tyd vir u aangebreek om terug te kom, huis toe, na u geestelike moeder toe.*

*Wat moet u doen? Dis vreeslik eenvoudig. Kom Sondag kerk toe.*